



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE V2
VOORBEREIDENDE 2021

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye,
'n formuleblad en 'n 10 bladsy-antwoordeboek.



INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy al die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Vervaardiging	45	35
2	Debiteureversoening en BTW	40	30
3	Voorraadwaardasie	30	25
4	Begroting	35	30
TOTAAL		150	120

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

VRAAG 1: VERVAARDIGING**(45 punte; 35 minute)**

- 1.1 Kies die koste-item in die lys verskaf wat by die voorbeeld hieronder pas. Skryf slegs die koste-item langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

indirekte arbeid; direkte arbeid; direkte materiaal; indirekte materiaal

- 1.1.1 Skoonmaakmiddels wat in die fabriek gebruik word
- 1.1.2 Salaris van die fabrieksvoorman
- 1.1.3 Koste van die grondstowwe wat in die produksieproses gebruik word (3 x 1) (3)

1.2 **AFRESH CREATIONS**

Afresh Creations vervaardig een tipe badhanddoek. Die finansiële jaar het op 29 Februarie 2020 geëindig.

GEVRA:

- 1.2.1 Bereken die direkte materiaalkoste. (4)
- 1.2.2 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020 op. (18)
- 1.2.3 **Verwys na Inligting C.**

Normale tyd vir alle werkers is 40 ure per week. Die inligting wat in James se werkkaart vir die laaste week verskaf is, is 'n aanduiding van sy teenwoordigheid gedurende die finansiële jaar.

Identifiseer TWEE bekommernisse oor die situasie hierbo. Verskaf ook EEN voorstel om die bekommernisse wat geïdentifiseer is, te hanteer. (6)

INLIGTING:**A. Voorraadsaldo's:**

	29 FEBRUARIE 2020	1 MAART 2019
Grondstofvoorraad	R 314 500	R 115 200
Goedere-in-bewerkingvoorraad	?	53 500

**B. Uittreksel uit die rekords op 29 Februarie 2020:
(Sien Inligting C vir aansuiwerings.)**

Grondstowwe op krediet aangekoop	R 738 900
Beskadigde grondstowwe aan verskaffers teruggestuur	15 300
Fabrieksbokoste	322 100
Produksielone (direkte arbeid)	598 750

C. Addisionele inligting:

- Een werker, James, is uit die Produksieloonregister weggelaat. Besonderhede in sy werkkaart vir die laaste week in Februarie 2020 is soos volg:

Ure gewerk	Normale tarief	Oortydure	Oortydtarief
30	R120	5	R180
Totale werkgewersbydrae beloop 10% van bruto loon.			

- Versekering van R15 880 is foutiewelik uit fabrieksbokoste uitgelaat. Dit sluit 'n premie van R2 220 in wat vir die tydperk 1 Januarie 2020 tot 30 Junie 2020 betaal is. Hierdie uitgawe moet tussen die fabriek en die verkoopsafdeling in die verhouding 3 : 1 verdeel word.
 - Die boekhouer het R39 600 (75%) van die skoonmakers se lone by die fabrieksbokoste ingesluit. Slegs $\frac{2}{3}$ van hierdie uitgawe moet aan die fabriek toegeken word.
- D.** Die onderneming het gedurende die finansiële jaar 22 500 handdoeke, teen R60 per eenheid, vervaardig.

1.3 FRAGRANCE VERVAARDIGERS

Hierdie onderneming vervaardig parfuum en sjampoe. Die eienaar, Marie Klasen, het die winste wat sy die afgelope twee jaar (2019 en 2020) verdien het, vergelyk.

GEVRA:

- 1.3.1 Identifiseer EEN veranderlike koste van elke produk wat nie goed beheer is nie. Let daarop dat die inflasiekoers 6% is. Haal syfers aan. In elke geval, verskaf 'n oplossing vir die probleem geïdentifiseer. (6)
- 1.3.2 Verskaf 'n berekening om te bewys dat die gelykbreekpunt van 26 250 eenhede vir **parfuum** in 2020 korrek is. (4)
- 1.3.3 Lewer kommentaar op die gelykbreekpunt en vlak van produksie van **parfuum**. Noem TWEE punte met syfers. (4)

INLIGTING:**A. EENHEIDSKOSTE EN VERKOOPPRYSE**

	PARFUUM (Eenheidskoste)		SJAMPOE (Eenheidskoste)	
	2020 R	2019 R	2020 R	2019 R
VASTE KOSTE	36,75	30,00	18,48	22,00
Fabrieksbokoste				
Administrasiekoste				
VERANDERLIKE KOSTE	108,00	88,00	50,00	38,50
Direkte materiaalkoste	50,00	48,00	25,00	15,00
Direkte arbeidskoste	40,00	30,00	18,00	17,00
Verkoops- en verspreidingskoste	18,00	10,00	7,00	6,50
VERKOOPPRYS	150,00	140,00	90,00	80,00

B. EENHEDE EN GELYKBREEKPUNT

Totale eenhede geproduseer en verkoop	30 000	35 000	12 500	10 000
Gelykbreekpunt (eenhede)	26 250	20 200	5 775	5 300

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

VRAAG 2: DEBITEUREVERSOENING EN BTW**(40 punte; 30 minute)****2.1 DEBITEUREVERSOENING**

Die inligting het betrekking op Mamela Handelaars vir September 2020.

GEVRA:

- 2.1.1 Bereken die korrekte Debiteurekontrolesaldo op 30 September 2020. Toon syfers en dui 'n '+', '-' of '**geen verandering**' by elke aansuiwering aan. (8)
- 2.1.2 Bereken die korrekte totaal van die Debiteurelys op 30 September 2020. (11)
- 2.1.3 Ten spyte daarvan dat maandelikse state betyds uitgestuur is, het die rekenmeester opgemerk dat dit nie effektief was om die invorderings te verbeter nie.
- **Verwys na Inligting C.** Bereken die % debiteure wat nie aan die kredietterme voldoen nie. (4)
 - **Verwys na Inligting A.** Identifiseer EEN ander probleem met betrekking tot die beheer oor debiteure. (2)
 - Verskaf TWEE voorstelle om die probleme wat geïdentifiseer is, op te los. (2)

INLIGTING:**A. Saldo's op 30 September 2020 voordat die foute en weglatings in ag geneem is:**

- (i) Debiteurekontrolesaldo in die Algemene Grootboek, R100 310.
- (ii) **Lys van debiteuresaldo's:**

	Kredietlimiet	Saldo
D Dlamini	R20 000	R27 000
G Swardt	30 000	22 470
N Nomandla	15 000	17 600
L Vos	40 000	34 440
X Meyer	10 000	(2 000)

B. Foute en weglatings:

- (i) Die totaal van die Debiteurejoernaal is met R3 600 oorbereken.
- (ii) Geen inskrywing is gemaak vir 'n verkoopfaktuur vir R2 760 wat aan Vos uitgereik is nie.
- (iii) Rente van R230 moet op die agterstallige rekening van Swardt gehef word.
- (iv) Goedere teruggestuur deur Nomandla, R1 400, is aan die verkeerde kant van sy rekening in die Debiteuregrootboek aangeteken. Die inskrywing in die Algemene Grootboek was korrek.
- (v) Die bedrag van R6 300 van Dlamini ontvang, is foutief as R3 600 in die Kontantontvangstejoernaal aangeteken en is so na die Grootboekrekening oorgeboek.
- (vi) Meyer se saldo moet na sy rekening in die Krediteuregrootboek oorgedra word.



C. Op 30 September 2020 het die Debiteure-ouderdomsanalise die volgende getoon:

Saldo	Huidige Maand	30 dae	60 dae	90 dae
R99 000	R15 420	R22 200	R44 500	R16 880

Kredietterme: Debiteure kry 30 dae om hulle rekeninge te vereffen.

2.2 BTW

FOREVER HANDELAARS

Tom Smith is die alleeneienaar. Die inligting het betrekking op die BTW-tydperk geëindig 31 Augustus 2020.

Die standaard-BTW-koers van 15% is van toepassing op alle goedere gekoop en verkoop.

GEVRA:

2.2.1 Bereken die BTW-bedrag wat op 31 Augustus 2020 aan SAID betaalbaar is. (9)

2.2.2 Die rekenmeester het gedurende September op 'n dokument vir die kontantaankoop van meubels vir R46 000 deur Tom Smith vir sy eie huis afgekomp. Tom het gesê dat die R6 000 BTW by hierdie bedrag ingesluit, as BTW-inset beskou moet word. Verdere ondersoek het getoon dat soortgelyke dokumente gereeld gedurende die afgelope jaar in die boeke aangeteken is.

Gee die rekenmeester raad oor hoe om hierdie aangeleentheid te hanteer. Noem TWEE punte. (4)

INLIGTING:

A. Bedrag verskuldig aan SAID op 1 Augustus 2020 is R31 470.

B. Die volgende transaksies verskyn in die rekords vir Augustus 2020:

BESONDERHEDE	BTW UITGESLUIT	BTW- BEDRAG	BTW INGESLUIT
Totale verkope	R535 000	R80 250	R615 250
Aankope van voorraad	385 000	57 750	442 750
Korting ontvang van verskaffers	11 500	?	
Goedere teruggestuur deur debiteure	22 500	?	25 875
Voorraad geneem deur eienaar teen kosprys	9 600	?	
Debiteurerekeninge afgeskryf		?	36 800

VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE**(30 punte; 25 minute)**

On-Time Watches (Edms.) Bpk. het twee aandeelhouders, Lizzy en Patsy Ndou. Die onderneming verkoop horlosies. Die periodieke voorraadstelsel en die eerste-in-eerste-uit-(EIEU-)metode word gebruik om die horlosies te waardeer. Die finansiële jaareinde was 30 Junie 2020.

Die onderneming het in die verlede slegs een soort horlosie, die XS Sports, verkoop. Alhoewel hierdie horlosies goed verkoop het, het Lizzy gevoel dat die onderneming nie genoeg wins verdien het nie. Sy het Patsy oortuig dat om eksklusiewe horlosies (die Euroclox) in te voer, 'n goeie oplossing vir hierdie probleem sou wees.

GEVRA:

- 3.1 Bereken die volgende vir die ingevoerde Euroclox-horlosies op 30 Junie 2020 deur die EIEU-metode te gebruik:
- Waarde van die eindvoorraad (5)
 - Voorraadhouingsperiode (in dae) deur die eindvoorraad te gebruik (3)
 - % winsopslag op kosprys (3)
- 3.2 Patsy was steeds nie oortuig van die besluit om die Euroclox-horlosies in te voer nie, maar dit blyk dat Lizzy se besluit vir die onderneming voordelig was. In elke geval hieronder, haal syfers of aanwysers aan.
- 3.2.1 Vergelyk die winsopslag-% wat op elke model behaal is en lewer kommentaar op hoe dit die verkope en winsgewendheid van die twee modelle beïnvloed het. (4)
- 3.2.2 Vergelyk die voorraadhouingsperiode vir elke model en die aanvraag vir elke model en lewer kommentaar op hoe dit die beheer van die voorraaditems van die twee modelle beïnvloed het. (4)
- 3.3 Lizzy stel daarin belang om uit te vind of die geweegde-gemiddeldemetode om die Euroclox-horlosies te waardeer, 'n beduidende ander voorraadwaarde tot gevolg sal hê.
- Bereken die waarde van die 270 horlosies deur die geweegde-gemiddeldemetode te gebruik. (5)
 - Verduidelik die effek wat dit op die bruto wins sal hê. Haal syfers aan. (2)
 - Verduidelik waarom dit in die toekoms nie gepas sou wees dat sy die geweegde-gemiddeldemetode vir die nuwe horlosies gebruik nie. Noem TWEE punte. (4)

INLIGTING:**A. Voorraadrekords vir ingevoerde Euroclox-horlosies:**

DATUM	AANTAL EENHEDE	EENHEIDS- PRYS	TOTALE BEDRAG
Aankope:			
1 Julie 2019	200	R 1 615,50	R 323 100
30 September 2019	500	1 700,00	850 000
20 Desember 2019	1 200	1 900,00	2 280 000
25 Maart 2020	400	2 000,00	800 000
15 Mei 2020	250	2 400,00	600 000
Totale aankope	2 550		R4 853 100
Terugsendings: 15 Mei 2020	90		?
Beskikbaar vir verkope	2 460		?
Voorraad op 30 Junie 2020	270		?
Verkope	2 190	R2 700	R5 913 000
Koste van verkope			R4 033 100

B. Inligting bekom uit die finansiële rekords op 30 Junie 2020:

	EUROCLOX- MODEL	XS SPORTS- MODEL
Winsopslag-%	?	75%
Voorraadhouingsperiode	?	120 dae
Verkoopprys per horlosie	R2 700	R560
Gemiddelde kosprys per horlosie	R1 842	R320
Gemiddelde bruto wins per horlosie	R858	R240
Bruto wins	R1 879 900	R840 000
Verkope van horlosies	R5 913 000	R1 960 000
Eenhede verkoop	2 190 horlosies	3 500 horlosies
Eindvoorraad op hande	270 horlosies	1 381 horlosies



VRAAG 4: BEGROTINGS**(35 punte; 30 minute)**

Jy word voorsien van inligting van Fantasy Laptops, 'n onderneming wat deur Ray Rennie besit word, vir die begrotingstydperk Desember 2020 tot Februarie 2021.

Die onderneming verkoop verskillende soorte skootrekenaars en verkoop nie op krediet nie. Hulle herstel ook hierdie items vir klante teen 'n fooi.

GEVRA:**4.1 Verwys na Inligting A en B.**

Voltooi die Krediteurebetalingskedge vir Februarie 2021. (7)

4.2 Verwys na Inligting C en D.

Bereken:

- Verwagte % verhoging in sekuriteitskoste vanaf 1 Februarie 2021
- % kommissie gedurende Februarie 2021 aan verkoopspersoneel betaal
- Water en elektrisiteit vir Desember 2020 begroot
- Die verwagte leningsterugbetaling op 31 Desember 2020 (12)

4.3 Verwys na Inligting E.

Die interne ouditeur het waargeneem dat verpakkingsmateriaal met R800 oorspandeer is en verbruiksgoedere met R1 500.

Lewer kommentaar op die kontrole van verpakkingsmateriaal en verbruiksgoedere. Haal syfers of berekeninge aan. (6)

4.4 Verwys na Inligting D.

Die onderneming het gedurende die Corona-virus-grendeltyd in April en Mei 2020 geld verloor aangesien daar geen verkope of fooi-inkomste was nie. Ray moes egter voortgaan om betalings te maak om die besigheid aan die gang te hou (as 'n lopende saak).

- Gee EEN rede waarom hy nie wou ophou om salarisse en lone te betaal nie. (2)
- Identifiseer EEN ander betaling in die lys in Inligting D wat hy nie sou kon stop nie en gee 'n rede. (2)
- Identifiseer EEN betaling in die lys in Inligting D wat hy sou gestop het en gee 'n rede. (2)

4.5 Verwys na Inligting F.

Ray Rennie, die eienaar, het hulp nodig om 'n finansiële besluit te neem.

Hy kan nie besluit of hy 'n afleweringsvoertuig moet bruikhuur of koop nie. Sy twee opsies word as Opsie X en Opsie Y getoon.

Behalwe om meer verkope te genereer of om die gebruik van die voertuig te hê, noem TWEE voordele van ELKE opsie. (4)

INLIGTING:**A. Winsopslag-% en verkope:**

'n Winsopslag van 75% op kosprys word gebruik om die verkoopprijs van die skootrekenaars te bepaal.

WERKLIKE VERKOPE		GEPROJEKTEERDE VERKOPE		
Oktober 2020	November 2020	Desember 2020	Januarie 2021	Februarie 2021
R490 000	R490 000	R770 000	R560 000	R525 000

B. Aankope en betaling aan verskaffers (krediteure):

- Alle voorraad word op krediet aangekoop.
- Voorraad verkoop word in die maand van verkope vervang.
- Sommige krediteure bied 'n korting vir betaling in die maand van aankope aan.
- 50% word betaal in die maand van aankope om 'n 10%-korting te verdien.
- 30% word betaal in die maand na die aankooptransaksiemaand.
- 20% word betaal in die tweede maand na die aankooptransaksiemaand.

C. Inligting oor spesifieke items uit die Kontantbegroting:

- **Sekuriteit:** Die wagte is uitgekonnekteer en is van Keepsafe Guarding.
- **Kommissie:** Verkoopspersoneel word in dieselfde maand kommissie op slegs verkope betaal. Hulle ontvang nie 'n vaste salaris nie.
- **Water en elektrisiteit:** Die verwagte verhoging vanaf 1 Januarie 2021 is 24%.
- **Lening en rente:** Die lening van Delta Bank dra rente teen 12,5% per jaar. Rente word nie gekapitaliseer nie en 'n vaste leningterugbetaling word op 31 Desember elke jaar gedoen.
- **Verbruiksgoedere:** Dit word vir die herstel van skootrekenaars vir klante gebruik.

D. Uittreksel uit die Kontantbegroting:

	Desember 2020	Januarie 2021	Februarie 2021
	R	R	R
Fooi-inkomste: hersteldienste	100 000	150 000	150 000
Rente op lening (12,5% p.j.)	9 375	8 125	
Terugbetaling van lening	?		
Kommissie aan verkoopspersoneel	123 200	89 600	84 000
Verbruiksgoedere vir herstelwerk	42 000	63 000	63 000
Sekuriteit	18 000	18 000	28 500
Water en elektrisiteit	?	18 600	18 600
Salarisse en lone			
Verpakkingsmateriaal			
Versekering			

E. Die interne ouditeur het die volgende syfers vir Oktober 2020 geïdentifiseer:

	Begroot R	Werklik R	Verskil %
Verkope	490 000	400 000	-18,4%
Fooi-inkomste	85 000	126 000	+48,2%
Verpakkingsmateriaal	22 000	22 800	+3,6%
Verbruiksgoedere	24 500	26 000	+6,1%

F. Opsies om 'n afleweringsvoertuig te bekom:

Ray voel dat hy 'n afleweringsvoertuig vir R520 000 moet aankoop of die voertuig maandeliks moet bruikhuur om sy onderneming in staat te stel om na die Corona-virus-grendeltyd meer verkope te genereer. Hy het slegs R100 000 in sy beleggings wat hy kan gebruik. Hierdie beleggings verdien tans rente teen 6,5% p.j.

Hy het twee opsies om te oorweeg:

Opsie X (koop die voertuig):

Koop die voertuig deur die geld in sy beleggings te gebruik en neem 'n nuwe 5 jaar-lening vir R420 000 teen 'n hoë rentekoers uit. Hy sal die lening oor vyf jaar moet terugbetaal. Rente oor die vyf jaar sal R176 000 wees.

Opsie Y (huur/bruikhuur die voertuig):

Huur (bruikhuur) die voertuig by Sentinel Bpk. vir R15 000 per maand oor 60 maande.

35

TOTAAL: 150

GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Niebedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL:	
* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.	



